Linden 27 Nov. 1960.
Piet Retief 10 Des. 1960

/

## Gehoorsaam: Aan Wie?

Hand. 5: 17-42

Ps. 66: 1, 7
" 25: 2, 4
Ges. 36: 5.

Hand. 5 vs. 29:- Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense.

Hier vind u 'n klein groepie manne: Petrus en die apostels, voor 'n groot oormag: die mag van kerklike tradisie en die gesag van die Joodse owerheid. Hulle word gedaag voor die volle Sanhedrin, die Joodse Raad, om hulle te verantwoord oor sekere oortuiginge wat hulle gehuldig en uitgespreek het oor God en Christus. Hierdie optrede het beroering in die kerklike en volksgeledere verwek tot so 'n mate dat die hoëpriester moes uitroep:"En kyk, julle het Jerusalem met julle leer vervul; en julle wil die bloed van hierdie Man op ons bring" (Vs. 28).

KRISIS:

Hierdie groep manne het testaan gekom voor 'n groot krisis in hulle lewes. Nie alleen is hulle bedreig met vervolging en marteling nie, maar is hulle gedwing om 'n baie belangrike morele keuse te doen: gehoorsaamheid aan God - of aan die mens; 'n vreeslose getuienis - of 'n veilige maar valse gerustheid. Deur die veilige pad van die tradisie te kies sou daar geen verdere moeilikhede en misverstand volg nie: waarom dan die veilige pad verlaat?

Omdat 'n mag, sterker as hulleself en hoër as hierdie lewe, hulle oortuig het dat hulle God meer gehoorsaam moes wees as die mense; omdat hulle geweet het "dat daar dinge is wat erger is as die dood en ander dinge wat meer waardevol is as die lewe". Hulle het geweet dat as hulle nou swyg, hulle Jesus Christus sou verloën.

TOETS:

Maar waaroor het die stryd gegaan? Hieroor dat hulle reeds voorheen opgedra is om te swyg oor Jesus as die Verlosser van die wêreld, en 'n gehoorsaamheid te betuig teenoor kerklike tradisie en publieke opinie wat sou meebring dat Christus 'n tweede plek in hulle lewes sou inneem. Die woord in ons teks wat vir "gehoorsaamheid" gebruik word word nog net 'n paar maal in die N.T. gevind en beteken: absolute, onvoorwaardelike onderworpenheid aan 'n hoogste gesag. God het dus hier 'n situasie geskep waar hierdie Christene se hoogste lojaliteit getoets word - getoets word tot die uiterste.

DWANG:



DWANG:

Agter hulle optrede lê daar 'n dwang, 'n moet: nie die uiterlike dwang van geweld of tradisie of publieke opinie nie, maar die innerlike dwang van 'n diep en lewende oortuiging wat God self deur sy Gees in hulle harte bewerk het, van sieninge van God en mens wat nie uit hulle vrugbare menslike vernuf voortgespruit het nie, maar wat deur Gods Gees in hulle hart en siel geplant is - dieselfde heilige en onkeerbare drang wat 'n Paulus laat uitroep het: "Wee my as ek die evangelie nie verkondig nie". God self lê in die siel van hierdie manne die goddelike moet: "Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense".

PERSOONLIKE VERANTWOORDELIKHEID:

"Ons": Hierdie manne het nie van ander Christene verwag om hulle verantwoordelikheid te dra nie: hulle het dit vrywillig aanvaar. Hulle het nie agter ander gaan skuil nie, hulle het nie uit vrees gaan swyg nie: hulle het besef dat dit 'n tyd in die geskiedenis van die Godsryk was waarin elke Christen sonder vrees sy diepste en heiligste oortuiginge i.v.m. God en Christus en medemens moes bely en moes uitspreek ongeag die gevolge. Wie dit nie wou doen nie, sou tebeurt val wat met Martin van Basel, 'n monnik uit die tyd net voor die Hervorming gebeur het. 'n Paar jaar voor die Hervorming het hy op 'n stukkie perkament die volgende geskryf: "Ek het vanmag tot die oortuiging van die ware lig gekom". Uit vrees, egter vir die gevolge van sy ontdekking wat groot beroering in die Roomse Kerk kon teweegbring, het hy dit agter die klip van sy kloostermuur weggesteek. Byna 300 jaar daarna is , met die afbreek van die gebou, die stukkie perkament ontdek.... 300 jaar te laat!

ALLE TERREINE:

Hierdie gehoorsaamheid aan God raak alle terreine van die menslike lewe: God eis dit op van die Christen in sy daaglikse lewe en voorbeeld, in sy huwelik en huislike lewe, in die gehoorsaamheid van die Kerk om die doop en die Nagmaal te bedien soos God dit bedoel het, in die opdrag om ons offergawes aan God te wy in ooreenstemming met die Woord van God as hoogste en finale gesag vir ons lewe en denke. En as ons nou met ons lippe bely en dit uit ons harte bedoel dat ons God wil gehoorsaam, kan ons nie vir

God kom sê: Here, tot hier aanvaar ek u Woord as hoogste gesag, maar hier is ek nie bereid om voor u te buig nie want hier strook dit nie met my opinies, met die van my groep of my my volk nie".

Nee, so kan ons nie met God omgaan nie, en ook nie met sy Woord nie - tensy ons alle eerbied vir Gods Woord laat vaar. Dis daarom hier waar ons baie duidelik as Christene moet besef: Jy kan alleen gehoorsaam wees aan God as jy 'n diep en heilige eerbied het vir sy Woord.....

GODS WOORD EN RASSEVERHOUDINGE:

Die waarheid geld ook vir die uitspraak van Gods Woord oor die verhoudinge van rasse. U het almal kennis geneem van die onlangse verskyning van twee boeke, geskrywe deur 'n sendeling in een geval, en deur professore en predikante (in die ander geval) van die drie Afrikaanse kerke waarin die tradisionele standpunte van die kerk en die staat t.o.v. ons rassevraagstuk bevraagteken en ernstige bedenkinge op prinsipiële en praktiese gronde uitgespreek word teen die uitvoerbaarheid van die huidige beleid. Baie lidmate sit verleë met hierdie diskussies veral daar waar sommige skrywers hulle beroep op die Skrif, op die Woord van God as die norm van hulle oordeel en standpunte inneem op grond van Gods Woord wat direk in stryd is met die aanvaarde tradisionele opvattinge. Hoe moet hierdie uitsprake gesien en beoordeel word?

Die beskuldiging is uitgespreek dat sommige van hierdie skrywers bedekte politieke motiewe koester in hulle gebruikmaking van die Bybel. As dit so is, moet ons dit dadelik sterk veroordeel, maar terselfdertyd glo ek dat ons eers dan tot die waarheid kan deurdring en dit as Gods waarheid kan ontdek as ons nie vra: Wie is dit wat skrywe nie maar: Wat is dit wat geskryf word? Ons moenie vra: Wat sê dié boek van ander boeke maar ons moet eers vra: Wat sê die Boek van alle boeke?

OORDEEL OOR DIE WAARHEID:

En daarvoor is nodig dat elkeen van ons, nie net predikante en professore, maar ook lidmate as gelowiges, opnuut die grootste erns gaan maak met die studie van Gods Woord om vir ons lig te gee op alle probleme van alle terreine van ons lewes. Daar moet weer 'n nuwe en diepere eerbied groei vir die Bybel



as die lewende en kragtige Woord van God soos die eerste Christene 'n heilige eerbied in hulle harte rondgedra het vir die influistering van die Gees van God. Hierdie insig oor wat God presies sê in sy Woord ook t.o.v. ons rassevraagstuk, kan ons seer seker nie verkry deur die vraagstuk eerstens te benader as politieke of ekonomiese of sosiale vraagstuk nie, want in sy diepste is dit 'n godsdienstige, 'n christelike vraag waarin God die hoogste woord spreek tot blank en nie-blank, tot Christen en heiden.....

Ons moet God meer gehoorsaam wees as mense....

U kan hierdie boek opsyskuiwe, u kan daardie artikel afskrywe... maar u durf dit nie doen met studie wat u wil bring tot 'n dieper insig in die waarheid van Gods Woord nie.

JUISTE BENADERING:

Die tyd het aangebreek dat die hele Christelike kerk in Suid-Afrika weereens sal vra: Wat sê Gods Woord, en wat eis gehoorsaamheid aan daardie Woord? In dié verband rus daar 'n besondere verantwoordelikheid op die drie Afrikaanse kerke wat met hulle Calvinisties-gereformeerde belydenis onwrikbaar staan op die standpunt dat Gods Woord die finale gesag voer oor alle menslike vrae en alle menslike verhoudinge.

Maar baie van ons is bang vir hierdie benadering, omdat dit ons dalk kan bring tot ander oortuiginge en insigte. Daar word ook daarop gewys dat dit ernstige gevolge kan hê vir beide kerk en staat. Is dit nie beter om te swyg of eers later te spreek nie?

KERK EN STAAT:

Daarop antwoord ons: die Kerk is die gewete van die staat en die volk. En as die kerk van Christus in sy soeke na die waarheid tot die ontdekking kom dat enige van sy sieninge oor enige saak (insluitende ons rasseverhoudinge) nie inooreenstemming is met die Woord van God nie, dan het die kerk nie net die reg, maar juis die plig om dit eerlik en manmoedig te stel. En waar die Kerk in die verlede die owerheid se beleid help vorm of beinvloed het, en ons ontdek dat sekere standpunte op grond van Gods Woord nie meer gehandhaaf kan word nie, daar moet die Kerk sy verkeerde siening voor God en owerheid bely want: ons moet God meer gehoorsaam wees.....

Sommige mense lees in so 'n standpunt en optrede 'n sieklike skuldgevoel by die Afrikaner, 'n toegewing uit swakheid aan druk en kritiek van buite. En dan word daar selfs so ver gegaan om te beweer dat daar niks is waarvoor ons as Afrikaans-sprekende Christene enige skuld hoef te bely nie.

Sonder om vir een oomblik te wil ontken dat ander volksgroepe nie net soveel skuld het nie, wil ons daarop wys dat voor God almal skuldig staan, almal belydenis moet doen van haat, van wantroue, van vyandskap, van selfsug, van hoogmoed en trots. & vrees....

KERKKONFERENSIE 7 - 14 DESEMBER:

In dié lig sien ons ook die konferensie van ledekerke van die Wêreldraad van Kerke. In diepe erns vra ons: Waarom gaan dit? As die oogmerk is om die Afrikaanse kerke as beskuldigdes te laat staan voor die regbank van wêreldopinie, óf om te geniet om die sondes van die Anglikaanse Kerk aan die kaak te stel, dan wil ons by voorbaat sê dat dit 'n mislukking gaan wees. //Maar as al die afgevaardigdes van al die kerke kom om in diepe ootmoed voor God en in heilige eerbied voor sy Woord te buig om geen ander waarheid te soek as dié van sy Woord en geen ander gehoorsaamheid te erken as dié aan God, dan kan ons verwag dat God groot dinge gaan bewerk vir sy kerk en vir ons land.

Maar dan moet ons God vertrou ook daar waar sy leiding ingaan teen ons menslike menings.

ALTERNATIEF:

En as God ons 'n weg aanwys en ons as Christene en as kerk nie gehoorsaam nie? Sê nou ons weier, wat dan?

Lees wat staan in vs. 38 en 39: "want as hierdie voorneme of hierdie werk uit mense is, sal dit vernietig word; maar as dit uit God is, kan julle dit nie vernietig nie - dat dit nie miskien bevind word dat julle selfs teen God stry nie".

As God deur sy Woord en Gees ons sekere waarhede tuisbring, ook onaangename waarhede, wat ons weier om te aanvaar omdat dit ons nie pas nie of vir ons ongeleë kom, weet dan: die geregtigheid van God gaan ons verpletter, die oordeel van God gaan ons vernietig.....



GEEN PLEK VIR VREES:

Vergun my ten slotte 'n persoonlike getuienis: ek het 'n vader gehad wat ons as sy kinders geleer het dat die mens sy grootste gehoorsaamheid altyd aan God verskuldig is: 'n gehoorsaamheid wat betuig moet word aan sy Woord. "Wie Gods Woord gehoorsaam, hoef niks te vrees nie".

Mag ons as kerk en as volk hierdie woord in hierdie tyd ter harte neem: Wie God gehoorsaam, hoef niks te vrees nie.

Amen.